

B U I T E N G E W O N E

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE



UITGAWE OP GESAG.

EXTRA ORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Woensdag, 7 Junie 1967

WINDHOEK

Wednesday, 7 June 1967

Nr. 2799

I N H O U D

C O N T E N T S

Bladsy/Page

GOEWERMENSKENNISGEWING:

GOVERNMENT NOTICE:

No. 84 Ordonnansies 1967: Uitvaardiging van Ordinances, 1967 Promulgation of 962

Goewermentskennisgewing.

Government Notice.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 84.] [7 Junie 1967 No. 84.] [7 June 1967

ORDONNANSIES, 1967: UITVAARDIGING VAN

ORDINANCES, 1967: PROMULGATION OF

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van „De Zuidwest-Afrika Konstitusie Wet 1925” (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansies wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

No.	<i>Titel</i>	<i>Bladsy</i>	No.	<i>Title</i>	<i>Page</i>
No. 14	Wysigingsordonnansie op Dieresyktes en -parasiete 1967	963	No. 14	Animal Diseases and Parasites Amendment Ordinance, 1967	964
No. 15	Poswysigingsordonnansie 1967	965	No. 15	Post Office Amendment Ordinance, 1967	966
No. 16	Wysigingsordonnansie op die Beskerming van die Diamantnywerheid 1967	967	No. 16	Diamond Industry Protection Proclamation Amendment Ordinance, 1967	968
No. 17	Wysigingsordonnansie op die Registrasie van Aktes, 1967	967	No. 17	Deeds Registry Amendment Ordinance, 1967	968

No. 14 van 1967.]

ORDONNANSIE

Om die ordonnansie op Dieresiektes en -parasiete 1959 te wysig ten einde voorsiening te maak vir die beweging van diere of dinge wat onwettig verwyder of verskuif is of diere wat afgedwaal het en vir verbandhoudende sake.

(Goedgekeur 1 Junie 1967)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Staatspresident dermate sodanige toestemming nodig is, vooraf verkreeë en deur boodskap van die Administrateur aan die Wetgewende Vergadering meegedeel ooreenkomstig die bepaling van artikel 26 van die „Zuidwest Afrika Konstitutie Wet 1925” soos gewysig by artikel 16 van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1949 van die Republiek van Suid-Afrika, VERORDEN:—

Wysiging van artikel 9 van Ordonnansie 34 van 1959.

1. Artikel 9 van die Ordonnansie op Dieresiektes en -parasiete 1959 (Ordonnansie 34 van 1959) — hierna heet dit die hoofordonnansie — word hierby gewysig deur die byvoeging van die volgende subartikels:—

- „(3) Indien 'n dier of ding, die beweging waarvan na, op, in of van enige grond of gebied uit hoofde van die regulasies verbied of beperk is, in stryd met die bepaling van subartikel (1) verskuif of verwyder word, of die Administrateur op redelike gronde vermoed dat sodanige verskuiwing of verwydering plaasgevind het, kan die Administrateur, na goed-dunke, die eienaar of die persoon of persone wat verantwoordelik is vir die gemelde verskuiwing van sodanige dier of ding beveel om daardie dier of ding te neem na die grond of gebied waarvan dit aldus verskuif of verwyder is, of na ander grond of 'n ander gebied in die Administrateur se bevel genoem binne 'n tydperk in sodanige bevel vermeld.
- (4) Indien die eienaar van 'n dier, die beweging waarvan na, op, in of van enige grond of gebied uit hoofde van die regulasies verbied of beperk is in stryd met die bepaling van subartikel (2) toelaat dat sodanige dier na, op, in of van sodanige grond of gebied afdwaal, kan die Administrateur, na goed-dunke, die eienaar van sodanige dier beveel om daardie dier te neem na die grond of gebied waarvan sodanige dier aldus afgedwaal het of na ander grond of 'n ander gebied in die Administrateur se bevel genoem, binne 'n tydperk in sodanige bevel vermeld.
- (5) Indien iemand versuim om 'n bevel van die Administrateur ingevolge subartikel (3) of (4) uitgereik, uit te voer binne die tydperk in sodanige bevel vermeld, kan die Administrateur die Direkteur magtig om die betrokke dier of ding te laat verwyder ooreenkomstig die vereistes van sodanige bevel.”

Wysiging van artikel 28 van Ordonnansie 34 van 1959.

2. Artikel 28 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

- (a) deur in paragraaf (c) van subartikel (1) die woorde „artikels *sewe*, *agt*, *nege*, *tien* en *twaaft*” deur die woorde „artikels *sewe* en *agt*, sub-artikels (1) en (2) van artikel *nege*, artikels *tien* en *twaaft*” te vervang;
- (b) deur in paragraaf (n) van subartikel (1) die woorde „subartikels (3) en (4) van artikel *nege*” na die woord „*vier*” in te voeg; en
- (c) deur in subparagraaf (aa) van paragraaf (ii) van subartikel (1) die woord „*nege*” deur die woorde „subartikels (1) en (2) van artikel *nege*” te vervang.

Kort titel.

3. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Dieresiektes en -parasiete 1967.

No. 14 of 1967.]

ORDINANCE

To amend the Animal Diseases and Parasites Ordinance, 1959, in order to provide for the movement of animals or things which have been removed or moved illegally or animals which have strayed and for matters incidental thereto.

(Assented to 1st June, 1967)

(English text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa with the consent of the State President in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section 26 of the South West Africa Constitution Act, 1925, as amended by section 16 of the South West Africa Affairs Amendment Act, 1949, of the Republic of South Africa, as follows:—

1. Section 9 of the Animal Diseases and Parasites Ordinance, 1959, (Ordinance 34 of 1959) — hereinafter called the principal ordinance — is hereby amended by the addition of the following sub-sections:—

Amendment of section 9 of Ordinance 34 of 1959.

- “(3) If any animal or thing, the movement of which into, on, within or from any land or area is prohibited or restricted under the regulations, is moved or removed in contravention of the provisions of sub-section (1), or, if the Administrator presumes on reasonable grounds that such movement or removal has taken place, the Administrator, may, in his discretion, order the owner or the person or persons who are responsible for the said movement of such animal or thing to take such animal or thing to the land or area from which it was moved or removed, or to other land or another area specified in the Administrator's order within a period mentioned in such order.
- (4) If the owner of any animal, the movement of which into, on, within or from any land or area is prohibited or restricted under the regulations, in contravention of the provisions of sub-section (2) allows such animal to stray into, on, within or from such land or area the Administrator may, in his discretion, order the owner of such animal to take it to the land or area from which such animal has so strayed or to other land or another area specified in the Administrator's order within a period mentioned in such order.
- (5) If any person fails to carry out any order given by the Administrator under sub-section (3) or (4) within the period mentioned in such order, the Administrator may authorise the Director to have the relevant animal or thing removed in accordance with the requirements of such order.”

2. Section 28 of the principal ordinance is hereby amended —

Amendment of section 28 of Ordinance 34 of 1959.

- (a) by the substitution in paragraph (c) of sub-section (1) for the words “sections seven, eight, nine, ten and twelve” of the words “sections seven and eight, sub-sections (1) and (2) of section nine, sections ten and twelve”;
- (b) by the insertion in paragraph (n) of sub-section (1) of the words “sub-sections (3) and (4) of section nine” after the word “four”; and
- (c) by the substitution in sub-paragraph (aa) of paragraph (ii) of sub-section (1) for the word “nine” of the words “sub-sections (1) and (2) of section nine”.

3. This ordinance shall be called the Animal Diseases and Parasites Amendment Ordinance, 1967. Short title.

No. 15 van 1967.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Posordonnansie 1963 om voorsiening te maak vir die bepaling van rente op Spaarbanksertifikate en vir die invoeging van 'n woord in die Engelse lesing van artikel 111 van genoemde ordonnansie.

(Goedgekeur 1 Junie 1967)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Staatspresident, dermate sodanige toestemming nodig is, vooraf verkree en deur boodskap van die Administrateur aan die Wetgewende Vergadering meegedeel ooreenkomstig die bepaling van artikel ses-en-twintig van die „Zuidwest Afrika Konstitutie Wet 1925” (Wet 42 van 1925), soos gewysig, van die Republiek van Suid-Afrika, VERORDEN:—

Wysiging van artikel 70 van Ordonnansie 30 van 1963.

1. Artikel 70 van die Posordonnansie 1963 (Ordonnansie 30 van 1963) hierna heet dit die hoofordonnansie, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Rente op Spaarbanksertifikate loop teen die koers per jaar wat die Administrateur van tyd tot tyd bepaal, maar 'n vermindering van so 'n rentekoers geld nie ten opsigte van 'n reeds uitgereikte sertifikaat nie voordat 'n tydperk van drie maande verloop het sedert die datum waarop skriftelike kennis van die vermindering aan die houer van daardie sertifikaat persoonlik gegee is of bestel is by of deur die pos gestuur is aan sy laasbekende adres.”

Wysiging van Artikel 111 van Ordonnansie 30 van 1963 soos vervang deur Artikel 15 van Ordonnansie 36 van 1965.

2. Artikel 111 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in die Engelse teks daarvan die woord „anything” in te voeg na die woord „containing”.

Kort titel.

3. Hierdie ordonnansie heet die Poswysigingsordonnansie 1967.

No. 15 of 1967.]

ORDINANCE

To amend the Post Office Ordinance 1963 to make provision for the fixing of interest on Savings Bank certificates and for the insertion of a word in the English version of section 111 of the said ordinance.

(Assented to 1st June, 1967)

(English text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President, in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section twenty-six of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act 42 of 1925), as amended, of the Republic of South Africa as follows:—

1. Section 70 of the Post Office Ordinance 1963 (Ordinance 30 of 1963), hereinafter referred to as the principal ordinance, is hereby amended by the substitution for sub-section (1) of the following sub-section:

Amendment of section 70 of Ordinance 30 of 1963.

“(1) Interest on Savings Bank Certificates shall be at such rate per annum as may from time to time be fixed by the Administrator, but no reduction in the rate of such interest shall apply to any certificate already issued until after the expiration of a period of three months from the date upon which written notice of the reduction has been given to the holder of that certificate personally or has been served at, or transmitted to his last known address.”

2. Section 111 of the principal ordinance is hereby amended by the insertion in the English text thereof of the word “anything” after the word “containing”.

Amendment of section 111 of Ordinance 30 of 1963 as substituted by section 15 of Ordinance 36 of 1965.

3. This ordinance shall be called the Post Office Amendment Ordinance, 1967.

Short title.

No. 16 van 1967.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Proklamasie op die Beskerming van die Diamantnywerheid 1939 om te bepaal dat die lughawe Luderitz as buite diamantgebied 1 beskou moet word.

(Goedgekeur 1 Junie 1967)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:

Wysiging van artikel 23 van Proklamasie 17 van 1939.

1. Artikel 23 (1) van die Proklamasie op die Beskerming van die Diamantnywerheid 1939 (Proklamasie 17 van 1939) word hierby gewysig deur, ná die woord „Luderitz”, die volgende woorde in te voeg:

„die Lughawe Luderitz (die grense waarvan afgebaken is op kaart A. 352/66, gedateer 11 November 1966, wat deur die Landmeter-generaal van die Gebied goedgekeur is)”

Kort titel.

2. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Beskerming van die Diamantnywerheid 1967.

No. 17 van 1967.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Registrasie van Aktes Proklamasie 1939 om voorsiening te maak vir die registrasie van alleenregte om te prospekter of te myn, toegeken ingevolge die bepalings van enige mynwet van krag in die Gebied en die registrasie van die opsegging, verval of beëindiging van sodanige regte of enige gedeelte daarvan.

(Goedgekeur 1 Junie 1967)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:

Wysiging van artikel 3 van Proklamasie 37 van 1939 soos gewysig by artikel 2 van Ordonnansie 19 van 1958 en artikel 1 van Ordonnansie 32 van 1963.

1. Artikel 3 van die Registrasie van Aktes Proklamasie 1939 (Proklamasie 37 van 1939) word hierby gewysig deur die invoeging, na paragraaf (q), van die onderstaande paragraaf:—

„(q) A alleenregte om te prospekter of te myn, toegeken ingevolge die bepalings van enige mynwet van krag in die Gebied, registreer en die opsegging, verval of beëindiging van sodanige regte of enige gedeelte daarvan registreer;”

Kort titel.

2. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Registrasie van Aktes 1967.

No. 16 of 1967.]

ORDINANCE

To amend the Diamond Industry Protection Proclamation, 1939, to provide that the Luderitz aerodrome shall be deemed to be outside diamond area 1.

(Assented to 1st June, 1967)

(English text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:

1. Section 23 (1) of the Diamond Industry Protection Proclamation, 1939 (Proclamation 17 of 1939) is hereby amended by insertion after the word "Luderitz" of the words "the Luderitz aerodrome (the boundaries of which are delineated on diagram A. 352/66, dated 11th November, 1966, approved by the Surveyor-General of the Territory)"

Amendment of section 23 of Proclamation 17 of 1939.

2. This ordinance shall be called the Diamond Industry Protection Proclamation Amendment Ordinance, 1967.

Short title.

No. 17 of 1967.]

ORDINANCE

To amend the Deeds Registry Proclamation 1939, to provide for the registration of exclusive prospecting and mining rights granted under the provisions of any mining law in force in the Territory and the registration of the abandonment, lapsing or termination of such rights or any portion thereof.

(Assented to 1st June, 1967)

(Afrikaans text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:

1. Section 3 of the Deeds Registry Proclamation, 1939 (Proclamation 37 of 1939) is hereby amended by the insertion after paragraph (q) of the following paragraph:—

Amendment of section 3 of Proclamation 37 of 1939 as amended by section 2 of Ordinance 19 of 1958 and section 1 of Ordinance 32 of 1963.

"(q) A register exclusive prospecting and mining rights granted under the provisions of any mining law in force in the Territory and register the abandonment, lapsing or termination of such rights or any portion thereof;"

2. This ordinance shall be called the Deeds Registry Amendment Ordinance, 1967.

Short title.

SECRET

1. The following information was obtained from a source who has provided reliable information in the past.

2. The source has provided information regarding the activities of the group mentioned in the title of this report.

3. The source has provided information regarding the activities of the group mentioned in the title of this report.

4. The source has provided information regarding the activities of the group mentioned in the title of this report.

5. The source has provided information regarding the activities of the group mentioned in the title of this report.

SECRET

SECRET

1. The following information was obtained from a source who has provided reliable information in the past.

2. The source has provided information regarding the activities of the group mentioned in the title of this report.

3. The source has provided information regarding the activities of the group mentioned in the title of this report.

4. The source has provided information regarding the activities of the group mentioned in the title of this report.

SECRET